

## **Boodskap Paassondag : 21 April 2019**

Wat sou dit vir ons wêreld beteken as Jesus werklik opgestaan het? 'n Evangelis met die naam J. John antwoord hierdie vraag: Die implikasies daarvan as die Opstanding van Jesus werklik plaasgevind het, is asemrowend. Dit sou beteken dat alles wat die Bybel oor Jesus sê, waar is: Dit beteken dat God geken kan word as Vader, dat vergifnis moontlik is en dat mense regtig hemel toe kan gaan en dat die dood net 'n kort rus is voor ons ewige vreugde beleef. Of die opstanding van Jesus plaasgevind het, is nie net 'n feit in die geskiedenis nie, maar is ook 'n feit wat ons toekoms verander.

In hierdie antwoord is daar twee belangrike dinge: **1. Die opstanding van Jesus is 'n feit. 2. Dis 'n feit wat ons toekoms verander:** Dit beteken "ONS kan werklik LEWE". Vandag gaan ons saam lees uit **Joh. 20:1-18** waar Maria Magdalena die opgestane Jesus ontmoet.

Ons **eerste sleutelpunt** is: **Jesus lewe regtig!** In hierdie een kort paragraaf in die Bybel is daar meer as genoeg bewyse van Jesus se opstanding. Christenskap is nie 'n spekulatiewe geloofsprong nie, dis nie 'n miete of fiksie nie, jou Christenskap en geloof is gegrond op iets wat werklik gebeur het in die geskiedenis. Dit is 'n historiese feit met historiese bewyse. Dis nie 'n emosionele besluit van 'n handjie vol mense nie. Kom ons kyk na twee feite wat ons kan help om te sien dat Jesus werklik leef.

**A. Jesus is nie in die graf nie.** Dit staan bo alle twyfel, Sy liggaam was weg. Ons weet dit, want anders as ander godsdienste het die dissipels nooit probeer om Jesus se graf te vereer nie. Daar is nie eers bewyse dat die dissipels ooit weer na daardie Paasfeesoggend terug gegaan het na die graf toe nie. Hoekom sou hulle? Hy was nie daar nie!

Johannes beskryf in detail wat daardie Sondagoggend gebeur het:

- Die **eerste** wat hy vertel is die verhaal van Maria Magdalena en hoe sy die eerste ooggetuie van die opstanding geword het. Joh. 20:1b. Nou moet ons onthou dat in die Joodse kultuur vroue nie as geloofwaardige getuies gereken is nie. So waarom sou Johannes hierdie heel belangrikste dag in die geskiedenis vertel met 'n vrou as die eerste getuie? Die antwoord is bloot, omdat dit is wat regtig

gebeur het. As dit 'n opgemaakte storie was, sou die dissipels 'n baie "meer betroubare" mans getuie gebruik het. Maria Magdalena was die eerste een wat by die leë graf was en sy was die eerste een, soos ons sal sien, wat die lewende Jesus gesien het.

- **Tweedens** was die graf nie net leeg nie, maar die massiewe 1-2 ton steen voor die opening van die graf was weggerol. So wie het dit gedoen? Verseker nie die Romeinse soldate nie, want hulle sou met die dood gedreig gewees het om hierdie graf op te pas. Iets het gebeur en die steen was weggerol. Joh. 20:1c.
- **Derdens**, is dit duidelik dat Maria en die mans dissipels geen verwagting gehad het dat Jesus sou opstaan nie. Alhoewel Jesus baie keer vir hulle gesê het dat dit gaan gebeur, het die spreekwoordelike "penny" nog nie ge"drop" nie. Hulle was net so geskok en verras. Die Jode het wel geglo aan 'n opstanding op die laaste dag, wanneer almal opgewek sou word, maar dat iemand in die middel van die geskiedenis uit die dood kan opstaan was nie in hulle verwysings-raamwerk nie. Hierdie heen en weer gehardlopery was die geskokte reaksie van 'n paar ooggetuies in Joh. 20:2
- In die **vierde plek** vertel Johannes dat hy en Petrus en Maria Magdalena die grafdoeke gesien het (Joh. 20:5-6) Dis nogal vreemd want as dit rowers was, wat die graf besteel het, sou hulle nie die grafklere gelos het nie. Dit sou immers die waardevolste item in die graf gewees het.
- Die **vyfde** bewys is die opgerolde doek wat Jesus se kop bedek het (Joh. 20:7) Hoekom vertel Johannes dat hierdie doek opgerol was. Hierdie prentjie van die grafdoeke wat lyk asof dit nie afgehaal was nie, maar asof Jesus se liggaam eintlik net daar deur gegaan het en die detail van die opgerolde kopdoek het by Johannes die besef laat deurdring dat hier iets merkwaardig gebeur het. Dit is juis hierdie detail wat bewys dat Jesus se liggaam nie gesteel en nie verskuif is nie, maar dat Hy wonderbaarlik uit die dood opgestaan het. Daarom se vers 8, Johannes het dit ook gesien en hy het geglo.

So Jesus was nie meer in die graf nie, maar hier is ook 'n tweede feit in hierdie gedeelte:

**B. Hy is teenwoordig by Sy mense.** Dit is een ding dat Jesus nie in die graf was nie, maar iets heeltemal anders wanneer hy Homself as lewend aan mense openbaar.

\* Jesus verskyn aan Maria Magdalena in die tuin. Iets aan Jesus moes verander het, want Maria herken Jesus nie dadelik nie. Dit is egter duidelik dat Hy nie 'n spook is nie en ook nie 'n skepping van haar verbeelding nie. Maria kan met Hom 'n gesprek hê. Trouens Maria kan aan Hom raak, sodanig dat Jesus vir haar moet sê om Hom nie vas te hou nie. En as Hy net aan haar verskyn het, sou ons maklik kon sê, "Arme Maria, sien goed wat nie bestaan nie." Maar dit was nie net sy nie.

\* Ons lees dat Jesus gedurende die volgende veertig dae aan meer as 500 mense verskyn het op ten minste 11 verskillende geleenthede. (1 Kor. 15:4-6) *Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe.* Elke keer was elkeen van hulle oortuig dat Hy lewe en as 'n uitvloeisel daarvan het hulle lewens dramaties verander. Ons geloof is gebaseer op 'n werklike historiese gebeurtenis: JESUS LEWE! Goed, maar wat beteken dit vir die wêreld vandag, watter implikasies het dit vir my lewe dat Jesus lewe? Die antwoord is dit: Omdat Jesus werklik lewe en die dood Hom nie kon hou nie, kan elkeen wat so 'n ontmoeting met Hom het, ook werklik lewendig word. Jesus lewe en daarom ons **tweede sleutelpunt** :

## **2. Ons kan waarlik LEWE!**

Die woordeboek sê oor lewe:

1. Bestaan; met ander woorde nie dood of leweloos nie
2. Om hoop lewend te hou
3. Vol energie en geesdrif
4. Om kwaliteit lewe te lewe: aanskoulik / energiek

Haal jy asem? Wel dit beteken dat jy darem die eerste vlak haal, jy is nie dood of leweloos nie. Maar ons weet tog dat jy kan asem haal sonder om te ervaar dat jy werklik lewe, jy kan bestaan sonder om te lewe. Wanneer jy 'n ontmoeting met

die Lewende Here Jesus het dan gebeur iets hier binne jou wat maak dat jy ook lewendig word, dat jy ophou om net te bestaan en 'n dieper vlak van lewe word moontlik en dit is wat Maria beleef het en wat gelowiges reg deur die eeue beleef het. Ons moet onthou dat Paassondag vir Maria Magdalena baie donker begin het, dit was letterlik donker, verder was sy op pad graf toe waar die donker van die dood klaarblyklik oorwin het, maar ook in haar gemoed was dit donker. Hartseer en verdriet het alle vreugde uit haar hart weggeneem. Die goeie nuus is dat donker, dood en hartseer ook in ons eie lewens oorwin kan word, omdat Jesus regtig lewe.

### **A. Oorwinning oor die mag van duisternis**

Lig en duisternis het nog altyd die twee magte van goed en sleg verteenwoordig. Ons het reeds in die Johannes evangelie, van Johannes 1 af, baie simboliese verwysings gekry na Lig en duisternis. En toe weer hier in Joh. 20 vers 1. Johannes vertel ons watter tyd van die dag dit is, maar op 'n dieper vlak vertel hy vir ons wat in Maria se gemoed aangegaan het: Duister, slegte mense, slegte daade, slegte magte het die GOEIE oorwin. Jesus het Maria lank terug vrygemaak van die magte van die duisternis en van toe af was sy een van Jesus se getrouste volgelinge, sy het Hom gesien sterf en begrawe word. Sy kon gewonder het of die magte van die duisternis nie ook in haar lewe weer kon terugkom, as hulle Jesus kon oorwin nie. Maar daar by die graf kom die son op en die LIG oorwin die duisternis. Dankie, Here, dat dit nie vir altyd Saterdag gebly het nie, Sondagoggend was die oorwinning van die LIG in mense se lewens. Jesus se belofte in Joh. 8:12 kan ons help: *Op 'n ander keer het Jesus vir die mense gesê: "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."* Wat 'n spesiale belofte – as jy vir Jesus volg sal jy nooit in die duisternis lewe nie. Dis wat dit beteken om werklik te lewe! As Jy soos Maria bevry is van die donker magte in jou lewe kan jy ook dalk bang wees dat dit kan terug kom. Liewe kind van God, omdat Jesus lewe hoef jy nooit weer in die donker te lewe nie. Of as jy nog nie vir Jesus volg nie, nie jou lewe oorgegee het nie, kan jy so besluit vandag neem, want omdat Jesus Lewe kan jy regtig vry wees van die mag van donkerte. Dis die eerste

geestelike belofte – Lig oorwin duisternis, omdat Jesus leef, oorwin Hy ook die donker in jou lewe!

**B. Oorwin die vrees vir die dood.** Mense se grootste vyand is die dood. Die sterfte syfer is steeds 100%. Daar was al soveel pogings om die dood vry te spring van die Farao's wat probeer het om reguit na die lewe hierna te gaan tot al die verjongingsmiddels wat vandag op die winkelrakke is. Die mensdom kon die dood nog nooit oorwin nie. Dis die grootste nuus van Paasfees – Jesus se opstanding uit die dood is die belofte dat **Lewe die Dood oorwin** het. Die Bybel leer ons nie dat die dood die einde is nie en ook niks van reïnkarnasie - waar jy in 'n ander vorm terug kom nie. Die Bybel leer van opstanding uit die dood. Dis die groot boodskap van die Christendom: ***Een Man, Jesus van Nasaret, het in die middel van die geskiedenis die dood oorwin en daarmee saam die belofte dat elke enkele een wat Hom volg ook die opstanding uit die dood sal beleef.*** Die dood is nie die einde nie, dis die begin van 'n ewigheid se werklike lewe in liggame wat nie siek of oud word nie. Lewe op 'n vlak wat nie hier op aarde moontlik is nie. Lewe jy sonder 'n verlamme vrees vir die dood? Om die lewende Jesus te ontmoet oorwin jou vrees vir die dood vir altyd. Hier is die belofte uit Jesus se mond: *Joh. 11 vers 25-26 Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?"* Die belofte is tweeledig: Die fisiese dood is nie iets om voor bang te wees nie, want dis nie die einde nie en tweedens - Jy kan in hierdie lewe al begin om vir ewig te lewe, liefde, vreugde en vrede hier binne waar dit saak maak. Dis werklike lewe!

**C. Oorwin die greep van wanhoop.** Elkeen van ons verloor hoop een of ander tyd in ons lewens. Wanhoop is 'n nare vyand. Miskien beleef jy dit op hierdie oomblik, miskien is jy bekommerd oor hoe lank jy nog werk gaan hê. Miskien voel jy of jy jou doel in jou werk verloor het. Dalk het jy 'n verhouding verloor wat regtig vir jou kosbaar was, of miskien het jy soos Maria Magdalena iemand verloor vir wie jy lief was - deur die dood. Dit voel of jou wêreld in duie stort. Sommige van ons kry dit reg om te lyk of alles goed gaan, maar hier binne is daar 'n leegheid, 'n sinloosheid, 'n doelloosheid in jou lewe. Goeie nuus, 'n

ontmoeting met die lewende Here Jesus Christus, soos Maria Magdalena gehad het, kan die greep van wanhoop in jou lewe oorwin. Vier keer in hierdie deel wat ons gelees het sien ons dat Maria huil. Maria se hartseer soeke na Jesus by die graf bring haar by 'n plek uit waar sy oorwinning beleef. Die ander dissipels gaan weer terug na hulle die leë graf gesien het, maar Maria bly daar, bly huil, bly soek en dis daarom ook nie vreemd dat sy die eerste een is om die opgestane Jesus te sien nie. Hoekom het sy Jesus so lief gehad? Dis 'n Bybelse beginsel: **Iemand vir wie baie sonde vergewe is, bewys baie liefde.** Maria het geweet wat Jesus vir haar gedoen het en dit het haar lewe getransformeer. Hier is ook mense vandag wat met dinge in julle lewens worstel, waarvan jy bevry moet word. Die opgestane Jesus is die antwoord, maar die Bybel sê dat jy na Hom moet soek en dan sal jy Hom vind. **Dis die belofte**, soek na die Lewende Here Jesus en Hy sal Hom laat vind. En wanneer jy Hom vind, word alle wanhoop in jou lewe oorwin. Maria se wanhoop maak dat sy vir Jesus eers nie herken nie, tot Hy haar naam noem, dan weet sy en dadelik word die duister in haar, haar vrees vir die dood en haar wanhoop oorwin. Net soos Maria ken Jesus jou naam en deur die Heilige Gees wil Hy met jou praat, met jou in 'n verhouding wees. En wanneer jy Hom hoor roep, of wanneer jy die klop in jou hart hoor as die Lewende Here Jesus wil in kom om jou te ontmoet, dan verander alles in jou lewe. Alles transformeer. Alles word nuut! Bring alles, al jou vrese, al die duisternis in jou, al jou hartseer en wanhoop, Jesus wil dit oorwin in jou lewe! Dis tyd! Amen